

**Donderdag 25 Augustus**

**Skrifgedeelte: Psalm 113, 114**

**Fokusgedeelte: Psalm 114:7**

**Die Here laat geen steen onaangeroer om sy kind te verlos nie!**

Tydens die Paas-, Loofhutte- en Pinksterfees word uit Psalm 111-118 die uittog en intog in die Beloofde Land besing. Dié feeste wys heen na Christus, wat ons uit die sonde woestyn die paradys inlei. Die woord “halleluja” (“Loof die HERE!”) kom in almal voor, behalwe in Psalm 114. Psalm 113 se tweede “halleluja” hoort eintlik by Psalm 114. Hoekom?

Psalm 114 vertel: Die Here is elke dag met sý mense op pad. Die Here verwys op drie maniere na sy volk – Israel, Jakob en Juda (vs 1, 2). Die HERE het mét die mense wat aan Hom behoort (= Israel) getrek, alhoewel Hy weet dat hulle, soos Jakob, bedrieërs en sondaars is. Ten spyte van hulle sonde het Hy Juda sy heiligdom (sy uitverkorenes) gemaak. Hy maak hulle sý heiligdom, sy eenkant gesitte mense; alles onverdiend. God se kinders is die tempel (woonplek) van die Heilige Gees. Met die kosbare bloed van Christus losgekoop (HK Sondag 1). God se kinders, sy kerk, is sy onaantasbare besit en eiendom – sy kleinood, juweel, skat, oogappel.

Psalm 114 sê: Die skepping is in sy diens om mense te red! Byvoorbeeld: Om die volk te verlos, word die Skelfsee en Jordaanrivier droë grondpaaie. Met die gee van die Wet (in Sinai) was daar aardbewings – klippe en berge het rondgespring soos ramme (vs 4, 6). Uit ’n klipharde rots kom genoeg drinkwater om die hele volk (± 600 000 mense!) te red. Vers 7: *“Beef, aarde, voor die aangesig van die HERE!”* Onthou: Die Here sal geen steen onaangeroer laat om jóú sy verlose heiligdom te maak nie!

Al moet die HERE die see, riviere, berge, rotse verskuif, Hy sál sy kinders verlos én die hele pad enduit saam met hulle loop. As God dit tóé vir Israel kon doen, kan Hy dit ook vandag doen!

Die Here het ons klipharde harte gebreek en dit sag gemaak tot ons bekering! Met Christus se kruisiging was daar sonsverduistering en aardbewings. Dooies het uit hulle grafte opgestaan. Jesus se toegemesselde graf is oopgebreek met sy opstanding. Óns dood is nou maar net ’n deurgang na die ewige lewe. Die Here versit dus berge om ons te red!

Die woord “Halleluja” hoort vooraan hierdie Psalm! Dáárom – loof die Here!

*Sing: Psalm 16-1:1, 5*

*Ds. AH Stavast (Pretoria/Kroonstad)*